

# KOERSVAS

Jaargang 4      Uitgawe 88      3 Junie 2016

In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Berigte

Kennisgewings



## REDAKSIONEEL

### Geleerde dwase

In die einde Maart 2016 (84) uitgawe van Koersvas is daar gehandel oor taalimperialisme. Daar is voorspel dat die aanslag teen Afrikaans nog feller gaan word. Die gebeure by UP die afgelope week onderstreep die onredelike en verbete aanslag teen ons taal. Die EFF dreig om eksamens by UP te ontwrig omdat hulle “niks meer wil weet van Afrikaans” nie. Dit opsigself wys op 'n eenrigting diskriminasie wat redeloos eiegereg dig is. Daar is baie wat die EFF afmaak as 'n luidrugtige gepeupel. Was dit die enigste aanslag op ons soetste taal, sou dit dalk ignoreer kon word.

Dit is die meer amptelike aanslag wat ons tot groot kommer moet stem. Die Beeld van Republiekdag 31 Mei 2016 berig oor die klap wat Afrikaans by Tuks gekry het. Daar word berig oor die taakspan wat oor die taalbeleid van die instansie moes besin. Die “byna eenparige” aanbeveling is dat alle lesings en eksamens voortaan in Engels moet geskied. Die pogings van Afriforum Jeug om deel te neem, is telkens tydens die beraad gekortwiek en hulle het gefrustreerd die vergadering verlaat omdat hulle **geen spreekbeurte** kon kry nie. Nogal 'n goeie

manier om byna eenparigheid te bewerkstellig; frustreer die teenstanders deur staat te maak op hulle ordentlikheid dat hulle nie gewelddadig of luidrugtig spreekbeurte sal opeis nie, en sou hulle dan uitstap, is dit 'n bonus.

Die verklaring wat uitgereik is, beweer dat 'n taalbeleid wat Afrikaans as onderrigtaal insluit “lei tot rassesegregasie en indirekte diskriminasie”.

Daarteenoor word beweer dat Engels as onderrigtaal gaan lei tot “maatskaplike kohesie en gelyke regte vir almal”.

Dit is 'n lagwekkende situasie. Die vooroordeel onderrok van die “taakspan” hang uit. Hoe kan dit tog wees dat 'n taakspan van 'n tersiêre instansie nie ag sal slaan op die demografie van die land nie? Moet Afrikaanse predikante en onderwysers nou in Engels opgelei word om dan weer in Afrikaans te gaan werk? 'n Paar interessante feite oor ons land se demografie sal wys dat hierdie dwase net deur vooroordeel gelei is in die aanbeveling wat hulle gemaak het. Die vyf tale wat die meeste in huishoudings in Suid-Afrika gebruik word, is die volgende:

isiZulu	11 587 374	22.7%
isiXhosa	8 154 258	16%
Afrikaans	6 855 082	13.5%
Engels	4 892 623	9.6%

Sepedi 4 618 576 9.1%  
 Afrikaans is met ander woorde die taal wat deur die derde meeste mense as moedertaal gebruik word. Engels word deur nagenoeg **2 miljoen minder mense** as moedertaal gebruik. Van die nagenoeg 4.53 miljoen blankes (uit 'n totale RSA bevolking van 55 miljoen) is 2.7 miljoen se huistaal Afrikaans. Dit beteken dat daar nagenoeg 4.1 miljoen swart en kleurling mense is wat Afrikaans as moedertaal het.

Teen hierdie getalle agtergrond, kom ons gaan kyk nou na die negatiewe terme wat gebruik word deur die taakspan; "rassesegregasie" is volgens die taakspan 'n gevolg van die gebruik van Afrikaans as onderrigtaal. Hoe kan dit neerkom op rassesegregasie wanneer blankes net minder as 40% van Afrikaanssprekendes uitmaak? Die taakspan beweer verder dat Afrikaans lei tot "indirekte diskriminasie". Hoe lei dit tot enige vorm van diskriminasie, wat nog te praat van indirekte diskriminasie? 'n Meertaalbeleid lei eerder tot bevordering van tale en akkommodering van taalgroepe. Dit sou meer sin gemaak het om te stel dat Zulu en Xhosa as onderrigtaal uitgebrei moet word. Hierdie aanbeveling lei beslis tot direkte diskriminasie teen Afrikaanssprekendes en hulle gevestigde regte.

Die taakspan se taalimperialistiese bewering dat Engels as onderrigtaal gaan lei tot maatskaplike kohesie en gelyke regte vir almal, is ewe-eens bewerings wat nie getoets is nie. Diegene wat te na gekom word indien hulle moedertaal verwyder word, gaan eerder terugtrek. Dit gaan nie help om hulle te laat skaam of skuldig voel oor hulle taal nie. Daar word tog deur hierdie bewerings geïmpliseer dat Afrikaans as taal mense uitmekaar drywe en dat Afrikaans ander se regte vertrap. Dit is onsin.

Die dwaasheid wat in die taakspan se aanbeveling verwoord word, is direk die gevolg van politiekery en onderdanigheid aan Engelse imperialisme. Die 1.2 miljoen blankes wat Engels as moedertaal het, lag weer eens in hulle slief en Kwieen 'Liesbet lag al die pad.

## BERIGTE

- Dit gaan beter met mevrou Pont na haar skielike siekte. Ons bid haar alle beterskap toe.
- Die laaste datum vir die inhandig van beskrywingspunte vir die Bondsvergadering is 26 Junie 2016.

- **KENNISGEWING:  
 BONDSVERGADERING 2016**

Geagte Kerkraad,  
 Ontvang hiermee die nodige inligting en reëlings in verband met die Bondsvergadering 2016. U word vriendelik versoek om alle sperdatums in ag te neem en daarby te hou.

DATUM: 4 tot 6 September 2016.

PLEK: Gemeente Grootvlei.

TYD: Sondag 4 September 2016

Registrasie vanaf 16H00.

Opening om 18H00.

KOSTES: R230 per afgevaardigde. Gelde moet betaal word in die rekening van die Geloofsbond.

Rekeningnaam: Geloofsbond van Hervormde Gemeentes

Eerste Nasionale Bank van Suid-Afrika (FNB)

Rekeningnommer: 6243 092 3088

Tak: Pretoria-Noord

Takkode: 250 655

- **LEWENSBRood 2017**

Aandag alle Geloofsbond predikante: Die indeling vir oordenkings vir 2017 is

uitgestuur. Maak seker u het u e-pos ontvang. Administrasie beamptes word versoek om te verseker dat emeriti ook hulle werksafbakening kry.

- **GELOOFSBONDKWILT 2016**

(GHG Gesamentlike fondsinsameling-projek vir Teologiese Opleiding van GHG predikante)

Tydens die Geloofsbond se Damesbyeenkoms in 2015, is daar besluit om by te dra tot die Opleidingsfonds deur 'n gesamentlike projek te loods.

As beginpunt van hierdie fonds, is 'n laslappiekomers/deken gemaak wat toe verlede jaar uitgeloot en gewen is.

Elke Bondsgemeente was 'n geleentheid gebied om blokke vir die geskiedkundige kwilt te maak. Die blokke was aangestuur en aanmekeargewerk soos wat Bondsgemeentes deur geloof aanmekeer gebind is.

Daar is oor 'n R30 000 ingesamel en inbetaal met hierdie poging. Nou in 2016 doen ons dit weer. U het nog twee weke geleentheid om u blokke in te stuur.

Lootjielyste sal binnekort beskikbaar gestel word en kan bestel word by Ella Joubert per adres: [ella@teamworkprinters.com](mailto:ella@teamworkprinters.com).

- Indien u graag wil help om die kwilt aanmekeer te sit, kontak vir Yvette Otto by 0722237522.

- **GELOOFSBOND OMGEE**

Jaarlikse Makwasbyeenkoms te Premiermyn in Cullinan DV op Vrydag, 10 Junie vanaf 10:00.

Die Dorkas van Premiermyn gaan alle emeriti en/ of hul gades trakteeer met 'n

heerlike 3-gang maaltyd met boerekos en bederf op 10 Junie 2016 vanaf 10:00.

U as leraar is ook welkom om saam te kom kuier of om 'n boodskap te stuur wat ons aan die emeriti en hul gades kan voorlees.

## **KENNISGEWINGS**

### **Advertensies**

Lidmate wat belangstel om meer te wete te kom oor die Calvinistiese alliansie en in die besonder gedagtes oor weerbaarheid, kan gerus die skakel hier onder opvolg: [https://www.facebook.com/steedshervormers/posts/990507434364632?notif\\_t=page\\_wall](https://www.facebook.com/steedshervormers/posts/990507434364632?notif_t=page_wall)

Neem asseblief kennis van die advertensies wat ingesluit is.

- Oornag fasiliteite by Villa Stoney – naby Pretoria. Skakel Ina 082 908 2831 of [auri@mweb.co.za](mailto:auri@mweb.co.za).

- Maak seker u bly op hoogte van die nuutste preke en gesprekke. Daar word elke Sondag nuwe Geloofsbondpreke op die internet geplaas.

<http://www.geloofsbond.org.za/>

### **•Drukwerk**

Paul en Ella help graag met:

- Kalender
- Kwitansieboeke
- Offergawe boeke
- Dames Kwitansieboeke
- Konsistorieboeke
- Reklame plakkate en ander drukwerk

[ella@teamworkprinters.com](mailto:ella@teamworkprinters.com)